

**Skriflesing:** Prediker 3:1-15

Teks: **Prediker 3:1-2a**

**Sing- Ps.118:1,2; Ps.64:1,6,7; Ps. 104:1,12; Ps. 31:1,12**

Broeder en suster- Ons lewe mag vir ons lyk soos 'n groot legkaart, waar ek baie keer voel dat ek het te min stukkies om die legkaart van my lewe te bou. Selfs die paar stukkies van die legkaart wat ons in die hande mag hou, hoe baie keer sukkel 'n mens nie om net daardie paar stukkies op die regte plekke in te pas nie?

Aan die ander kant, God kyk na ons en na ons lewens in 'n eenheid, maar die mens kan beslis nie alles raaksien soos wat God dit sien nie. In Prediker 3 is dit die worsteling van 'n mens wat na sy lewe en alles rondom hom moet kyk en met die ingewikkeldheid van die lewe is daar die ding in die mens se lewe wat tyd genoem word. Die tyd wat verby gegaan het, die tyd wat kom en ook die tydstip, die oomblik waarin u nou is. Hierdie moment, wat wil die Here op hierdie moment met my maak?!

\*\*\*

Salomo skryf- *Alles het sy bepaalde uur...* of anders gesê -daar is 'n tyd vir alles. Maar die groot vraag is- wat daarvan? Wat daarvan dat daar 'n tyd vir alles is? Die mens wil graag glo dat ons in beheer kan wees. Ons gelese gedeelte word vasgevang in 'n refrein van daar is 'n tyd vir dit en daar is 'n tyd vir dat...Al die goed wat in verse 1 tot 9 genoem word is met die eerste oogopslag dinge wat eintlik met elke mens gebeur en dit klink alles heel aanvaarbaar. As iets my verras, of iets gebeur ontydig dan sê ons gewoonlik dit is maar goed só, want dit was nou maar sy tyd.

Maar broeder en suster, dit is nie wat Salomo ons in die eerste plek wil wys nie! Hier sit iets van 'n noodwendigheid! Iets van 'n onberekenbaarheid (selfs iets van 'n keuse) wat dan skielik bereken moet word. Ons eerste gedagte is om raak te sien -

***Dit wat nie onder tyd verstaan word nie:***

Daar moet nie in Prediker 3 in terme van tydsduur gedink word nie. Ons dink baie keer in tydsduur dan noem ons dit 'n week, 'n naweek, 'n jaar, 'n dekade, of 'n eeu, selfs 'n millennium. In ons geloof het ons die twee tydperke wat ons uit die Woord van die Here sien as die ou tyd, wat ons noem die Ou Testament, die bedeling *voor* Christus se koms as Mens, en dan die Nuwe Testament, die bedeling *na* Christus se koms. Ons betekenis van tyd het baie met hierdie

gedagte van tydsduur te doen. Ek wil nog in hierdie week, of ek moet in hierdie maand, of voor die einde van die jaar wil ek nog by die volgende klompie planne uitkom en dit klaarmaak. Tydsduur-denke bepaal baie keer ons denke.

\*\*\*

U moet raaksien dit is nie wat die Prediker onder tyd verstaan nie. Dit gaan nie oor tydsduur in Prediker 3 nie, maar dit gaan oor tydstip. Dit is wat Prediker 3 met tyd maak,- Daarom ons tweede gedagte:

**Dit wat wel in Prediker onder tyd bedoel word:**

In Prediker gaan dit om 'n spesifieke tydstip. Daardie skielik ingrypende moment wat iets met jou gebeur of jy moet iets laat gebeur wat geheel en al die res van jou lewe gaan raak en by jou gaan bybly al was dit flits-oomblikke. Ek wil 'n beeld uit die atletiekwêreld gaan haal. Dink aan iemand wat vir die Olimpiese spele voorberei. Hy/sy begin dit 'n paar jaar voor die tyd te doen, later in die voorbereiding dan weet die atleet die spele is hierdie jaar, daardie laaste fiksheid en tegnieke moet nou fyn afgerond word. Dan skielik is dit nou daardie spesifieke dag op die baan, daardie tydstip wat jare, maande, en baie sweet en seer voorafgegaan het, en wat werklik tel is nou net daardie tien sekondes in die 100 meter, die oomblik as die skoot klap, is dit al wat vir die wêreld saak maak.

Die atleet, hy/sy het net daardie fraksie tyd om te bepaal was dit goed of was dit glad nie vir jou goed nie. Broeder en suster, dit is hoe ernstig en diep die Prediker-skrywer oor tyd dink. Want ons besef tyd het ook 'n ander betekenis. Iets gebeur nie net in 'n sekere spesifieke tydstip nie, maar tyd laat ook dinge gebeur. Dit is nie die tyd opsigself wat goed of sleg kan wees nie. Tyd is altyd goed, want tyd behoort aan God. Tyd is God se groot oomblik (sy 1000 jaar wat een dag kan wees, sy een dag wat 1000 jaar kan wees) en dit is die mens wat met oomblikke wat God gee moet werk. Hoe die mens met daardie oomblikke gaan werk is die bepaling van God se ja en God se nee in ons lewens.

Ons kan nou alreeds hier dink aan Christus se geboorte. Watter verskriklike momente, ingrypend was God se oomblikke in daardie tyd. Hy laat sy eie Seun uit 'n mens gebore word. 'n Kindjie in doeke toegedraai, in 'n krip neergelê, en met ouers gewoon eenvoudige mense, maar daar buite in daardie nag is die gebeure eenvoudig te groot om alles te begryp. 'n Ster wat

se wentelbaan net skielik anders bepaal word en die ster gee lig vir wyse manne na Christus toe. Juis net daardie nag, net daardie oomblikke van daardie nag, het die wyse manne met God te doen en het hulle hul keuse sou moes maak, gaan ons hierdie ster volg of gaan ons hierdie spesifieke ster op hierdie oomblikke nie volg nie. Dit is die bepaling van God se ja of God se nee in hulle lewens. En wat sou die implikasies vir hulle gewees het as hulle die n e gekies het?!

Die herders in die veld dieselfde. Watter momente speel nie om hulle af nie, as ons die woorde in ons teks lees dat *alles het sy bepaalde uur en vir elke saak onder die hemel* ( ons kan ook vertaal – vir alles onder die son) *is daar ‘n tyd: ‘n tyd om gebore te word...*Ja, vir Christus ‘n tyd om gebore te word...En die momente vir die herders in die veld, ‘n tyd om te lag, ‘n tyd om van vreugde rond te spring, ‘n tyd om lief te h e, ‘n tyd om dadelik Bethlehem toe te gaan, hulle skape net daar te los, want s  ‘n tyd sal hulle in hulle lewe nooit weer kan kry nie, waar duisende en duisende engele om ‘n paar mensies vergader en die hemelse musiek sou selfs die skape laat wonder wat gaan nou aan. Die mens sou kon weet wat aangaan, want dit is aardse taal, gewone woorde in hemelse musiek wat gesing en verstaan kan word, dit is woorde wat spesifiek net op daardie oomblikke vir die aarde vrede wou beteken, want daarna sou daar nog weer soveel oomblikke kom wat daar nie vrede op hierdie aarde is nie, om nie eers te praat van hoe min vrede daar vir die mens was, Jesus Christus wat daardie nag gebore is nie. ‘n Bietjie langer as 33 jaar later sou dit word...*‘n tyd om te sterwe...*

\*\*\*

Dit van Jesus ges e, *‘n tyd om gebore te word, en ‘n tyd om te sterwe*, laat ons ook na onself kyk. Ons laaste gedagte-

**Wat maak ek met die Prediker se tyd- n e met God se tyd?!**

Die groot en ingrypende momente waar ek nie iets met tyd moet laat gebeur nie, maar tyd laat ook iets met my gebeur. Waar ek God se tyd moet gebruik as God se ingrypende oomblikke. Dit is ons wat tyd goed of sleg maak, tyd opsigself is nooit goed of sleg nie. Ons moet voluit lewe, voluit beplan, voluit die Woord van God bestudeer. Mag die Here gee dat ek die regte dinge op die regte tyd sal doen. Want elke oomblik is eintlik sulke gelade oomblikke, dit is so beslissend en ingrypend want wat ek nou doen bepaal wat ek met die toekoms van my lewe sal kan doen. Ons moet beplan asof ons vir altyd gaan leef, ons moet werk asof ons m re gaan sterf.

Want die lewe, die tyd met sy teenstellings is hier om te bly. As ek sterf dan gaan die lewe nog aan. Terwyl u nou leef moet u hierdie teenstellings besef en raaksien, ons moet daarmee werk. Hoeveel teenstellings staan net nie in Prediker 3 nie, sonder dat dit 'n vaste struktuur vorm. Party keer word die slegte eerste genoem en dan die goeie, en ander keer weer eerste die goeie en dan die slegte teenstelling daarvan. Dit werk in die lewe só. Baie kere eerste die goeie en dan die slegte, maar hoe baie keer kom die slegte eerste en dan die goeie. Dit alles is egter daar om te beleef en van te leef, die goeie en die slegte.

\*\*\*

Hierdie teenstellings kan ons moontlik beskryf soos wat die Egiptenare na 'n voël kyk, dan is die woord wat hulle vir 'n voël noem die ding wat opstyg en gaan sit. Iets hiervan sit in hoe die Prediker die lewe sien. Iets van 'n opgang en neergang. Kyk mens na 'n groot groen gehalmdede koringland en 'n ligte windjie waai daarvoor, hoe daardie halms dan kan gaan skuins lê, maar dan kom dit tog ook weer regop. Die lewe is in baie opsigte 'n kom en gaan.

God se bepalinge, God se eenheid, God se tyd, laat ons na vandag en môre kyk, en ons sien die teenstellings- die voortgange, die belemmeringe, die vervulling, die verdeling, die blydschap, die hartseer, die vreugde, die tranes, alles saamgevat gaan dit om God se ja, en om God sê nee! Wat maak u daarmee as dit na u toe aangestap kom? Geloof- volwassenheid lê sekerlik op 'n manier daarin hoe mens hierdie dinge hanteer, om te begryp en te verwerk en te aanvaar, dat God se tyd ingrypend is. 'n Mens se lewe op aarde gaan eenvoudig verby. Kanse wat nou daar is, sal moontlik weer wees, of nooit weer wees nie. Ja die bylhoue wat 'n eeue oue boom se stam in 'n paar minute kan afkap, is die byl wat opgelig en laat sak word, opgelig en laat sak word. Die kom en gaan, die ophig en laat sak, vir jou as mens lyk dit of dit nie werklik jou lewe gaan bepaal nie, maar wat van die boom wat nie daarvoor gevra het nie, maar dit is juis die boom wat so direk deur jou optrede geraak word, sy lewe of sy dood. Dit is hoe ingrypend tyd kan wees en kan werk.

Dink aan die man wat Jesus sy oë aangeraak het, toe het die mense aanvanklik vir hom soos bome gelyk. Dit is nodig dat ons dieper moet kyk. Hierdie is die enigste wonderwerk wat Jesus dan op 'n manier weer oorgedoen het, dat die mens ook dieper kan kyk. Daar waar dit nie maar net gaan om bome nie, maar om mense. Daar waar ons in die geloof groei en moet groei moet

ons deur die Heilige Gees gelei word om God se ja en God se nee te aanvaar. God is en bly die Pottebakker en ons die klei. Die tye sal daar wees wat ons die sagte hand oor die klei sal voel streel, maar dan weer die tye waar daar 'n stewige greep die klei ingevat word, en hierdie ferm greep moet die klei na 'n ander vorm omvorm wat dit nie geken het nie.

Dan sal ons weet en moet verwerk en moet aanvaar dat God in die tyd so met ons werk. Die Here se tyd is altyd sy beslissende tyd, sy ja en nee in lewens wat ons dalk gemeen het ons lewe is, maar ons lewe is die Here s'n. Ons is onder die son, en God werk van bo die son. Dit is 'n sentrale gedagte die hele Prediker-boek deur. Prediker verlang na die ingrype van bo die son na onder die son, want onder die son is daar moeite en pyn, tevergeefsheid en sovele hartseer en vrae. Dit wat van bo die son kom bring sin en betekenis in die tyd en teenstellings van tyd.

Dit was so met die skepping, God se eerste groot ingrype in die wêreld. Ons gaan net-nou met Sondag 3 van die Kategismus nog weer mooier hierna kyk. Toe het God ook tyd geskep. Dit was ook só met God se tweede groot ingrype in die wêreld. Dit het ons reeds gesien toe Jesus gebore is. God se derde ingrype het ook reeds plaasgevind. Toe die Heilige Gees uitgestort is, juis toe dit in Israel die tyd van Pinkster was, en die oeste op die landerye ryp was en ingesamel moes word, toe maak God bekend dat dit ook nou die tyd is om die hemelse oeste in te samel. Die moment van Pinkster, gaan nou om die insameling van God se groot oeste, die mense wat daar in die lande van God is moet vir God ingesamel word. U moet weet die tyd is reg daarvoor. Is u wel reg daarmee?

Die tyd wat ons nog op hierdie aarde mag wees en mag bly, vandag, môre, en oormôre, hoe kyk God na ons? Waarmee sal ons moet besig wees? God se tyd is God se beslissende oomblik. U tyd moet dan ook beslissend wees, dit wat u doen ten opsigte van God se ja en God se nee. Verwag dit so, verwerk dit só, en ja geniet dit ook só deur die krag van die Heilige Gees. Daar sal die tye wees wat u wil vashou, maar u kan nie, dan sal daar die tye wees wat u wil los, maar dit hou u vas. Want iets gebeur nie net in die tyd nie, maar tyd laat ook iets gebeur. Tyd wat God se groot oomblik is.

AMEN

